

Donderdag 19 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 5:12-18

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 5:16-18

'n Lewe van blydschap, gebed en dankbaarheid is wat God altyd van 'n Christen vra

In die vorige verse het Paulus gefokus op die lewe van kerkleiers, asook hoe Christene in die gemeente behoort te lewe. In verse 16-18 vra hy aandag vir die persoonlike geloofs-lewe en hy noem drie dinge: blydschap, gebed en dankbaarheid.

- “Wees altyd bly.” Blydschap is een van die kenmerke van die Christelike lewe, en Paulus het 'n hele brief oor hierdie onderwerp geskryf: die brief aan die Filippense. Een van die kenmerke van blydschap is dat dit *altyd* daar is. Dis nie afhanklik van goeie of slegte omstandighede nie – nee, selfs in die tronk in Filippi kan Paulus en Silas nog lofliedere sing (Hand. 16:25).
- “Bid sonder ophou.” Die Christelike lewe is 'n lewe van gebed. Daarvoor is afsonderlike tye en plekke nodig, 'n binnekamer byvoorbeeld (Matt. 6:6). Eintlik moet 'n mens se hele lewe 'n gebed wees, 'n deurlopende gesprek met God, as jy sit of loop, as jy lê of werk, altyd kan jy met die Here praat en na sy stem luister. Welwetend dat die Heilige Gees jou in alle gebede ondersteun en versterk (Rom. 8:26).
- “Wees in alle omstandighede dankbaar.” 'n Dankbare lewe is 'n dankie-sê lewe, in voorspoed en in teenspoed. Die gelowige weet immers dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet (Rom. 8:28).

Blydschap, gebed en dankbaarheid – dit is God se wil in Christus Jesus vir die gelowige. Wie enigsins 'n besef het van die bevrydende liefde van God vir sondige mense, sal Hom altyd daarvoor dankbaar wees, altyd daarvoor bly wees en altyd in gebed daarvoor dank.

Wat maak 'n mens blyer en dankbaarder as om van die sonde, die bose magte en uit-eindelik die dood bevry te wees? En God dan daarvoor in gebed te dank?

Sing: Psalm 33:1, 2, 11 (1936)

Prof. JH (Amie) van Wyk (Emeritus)